Resensie

Erwin Mortier. *Wanneer gode slaap*, Protea Boekhuis, 2020

Vertaler: Fanie Olivier

Doret Jordaan

Erwin Mortier is 'n bekroonde Belgiese skrywer en ontvang in 2009 die AKO-literatuurprys vir sy roman *Godenslaap*. In 2023 verower Fanie Olivier se Afrikaanse vertaling van die teks, getiteld *Wanneer gode slaap*, die SA Akademieprys vir Vertaalde Werk. Hoewel hierdie roman reeds in 2008 verskyn het en ook al 'n geruime tyd in Afrikaans beskikbaar is, is dit miskien juis nou 'n gepaste tyd om 'n verhaal wat wentel om die Eerste Wêreldoorloog te lees. Nie slegs in die lig van die oorloë wat tans in die wêreld woed nie, maar ook in terugblik op die inperking tydens die Covid-19-pandemie. Vermoedelik sal die gemengde gevoelens waarmee die verteller na die Eerste Wêreldoorlog verwys, vir talle lesers wat die pandemie deurgemaak het bekend voorkom: "'Dit klink verskriklik,' het ek op 'n dag vir hom gesê, 'maar eintlik is die oorlog die beste ding wat met my gebeur het.'" (86)

Die verteller en hoofkarakter, Helena, is byna 'n honderd jaar oud tydens dié terugblik op haar lewe en veral die tyd rondom die Eerste Wêreldoorlog wat sy as jong vrou deurgemaak het. Sy is 'n digter en in die opening van die roman spreek sy die wens uit om te kan skryf oor die geskiedenis:

> Ek sou baie daarvoor gee om in die ondergrond van ons geskiedenisse te kon afsak, om aan toue neergelaat te word in hulle donker skagte en laag ná laag in die lig van 'n koplamp te sien verbyskuif. Alles wat die grond begrawe het: hoekstene, hekpale, boomwortels, sopborde, soldatehelms, die skelette van diere en mense in versteende chaos, die maalstroom wat ons verswelg het en tot aardkors gestol het. (7)

Soos sy deur die loop van die vertelling in haar eie lewensgeskiedenis 'afsak', kom betekenisvolle temas soos klas, seksualiteit, die dood, liefde, oorlog en generasiegapings ter sprake. Nie net word die tydsgees van veral die Eerste Wêreldoorlog en dié se nadraai deur die lens van 'n lewe waargeneem nie, maar die leser word ook in die landskappe en stede van België ingetrek.

Hierdie roman kan veral aanbeveel word vir lesers wat dit geniet om boeke met mekaar te vergelyk en werke met soortgelyke temas saam te lees. Die toon van die

mymerings en ook die beeldspraak uit die argeologie in die verhaal, herinner aan werke van Anne Michaels soos *Fugitive Pieces* en *The Winter Vault.* As 'n roman wat geloof word as 'n groot roman oor die Eerste Wêreldoorlog (sien byvoorbeeld die roman se agterblad), is Erich Maria Remarque se *Im Westen nichts Neues* (*All Quiet on the Western Front*) 'n uitstekende begeleier.

Die onderskeie vertelstemme in *Im Westen nichts Neues* en *Wanneer gode slaap* kom van weerskante van die front. Die ervaringe van 'n jong vrou wat die soldate sien vertrek en terugkom en dié van die jong kanonvoer op die grens, vul mekaar aan en verleen 'n byna 360-grade perspektief oor die verskriklikheid van die Eerste Wêreldoorlog.

Beide hierdie romans beeld die sinneloosheid van oorlog en die omvang van die skade aan die individu asook die samelewing uit. *Wanneer gode slaap* strek egter tydsgewys verder as *Im Westen nichts Neues* deur ook die nadraai van die oorlog vas te vang:

> Ons het gesê: Oor honderd jaar of so sal die oorlog wat ons s'n was rondom die gedenkstene, die foto's, die dagboeke, die briewe en die grafstene net so volkome verweer het soos die gebeentes van die dooies in die grond, hoogstens 'n verkleuring wat agtergelaat word in die sand. Ons het toe nog nie geweet dat die soldate vir die volgende oorlog intussen in die babawiegies slaap nie, dat die laksmanne van môre aan die rokke van hulle oppassers hang, met blokkies speel of in die karige soldatekamers hulle wonde lek en bitter traktate skryf oor die dodelike ink van die verbittering en wraak. (289)

Anders as die honderdjarige hoofkarakter in *Hundraåringen som klev ut genom fönstret och försvann* (*The Hundred-Year-Old Man Who Climbed Out of the Window and Disappeared*) van Jonas Jonasson, word Helena nie telkens in die middelpunt van 'n geskiedkundige gebeurtenis uitgebeeld nie. Helena se perspektief is in een opsig dié van 'n ooggetuie wat op 'n afstand waarneem en terugkyk. Die roman is deurspek met uitlatings wat heeltemal onafhanklik sou kon staan as uitsprake oor die lewe en die samelewing:

> Geskiedenis, daardie prostese wat met groot geleerdheid uit flardes papier, potskerwe en beenfragmente saamgeflans is en waarop ons deur die balansstaat hinkepink asof die tyd vol rigtingwysers staan. (313)

Daarmee saam is die roman egter ook 'n diep persoonlike vertelling, nie net wat haar eie belewenisse betref nie, maar ook haar idiosinkratiese idees, soos haar voorliefde vir obskure boeke, wat haar sin vir humor na vore bring:

> Ek hou van die onuitputlike energie waarmee iemand hom of haar dekades lank met dokumenteer kan besig hou om dan, ten slotte, 'n *Beknopte geskiedenis van die korset* as lewenstestament na te laat. Ek lag nie daaroor nie. Elkeen het sy borsrok. (26)

Die twee bogenoemde aanhalings kan soos twee kante van dieselfde muntstuk gelees word en is tekenend van hoe die lewe van 'n enkeling en die geskiedenis van die mensdom in die vertelling verweef is.

Daar vind deurgaans 'n interessante wisselwerking plaas tussen die inryg van fyn besonderhede en breë kwashale wat beelde knap vasvang. Een van die interessantste karakters, wat met relatief min besonderhede lewe kry, is die diensmeisie Emilie.

> In haar wêreld word geld "klippe" genoem. "'n Mens moet klippe en ballas hê," is een van haar sêgoed. Vir haar is my vader nie 'n regte man nie. Al besit hy waarskynlik meer klippe as wat sy ooit saam gesien het, ontbreek daar waarskynlik baie van die tweede, terwyl my broer waarskynlik oor genoeg viriliteit beskik, te oordeel aan die manier waarop sy hom soms sit en aanstaar wanneer hy na skool by die kombuistafel melk drink, maar tog te jonk is vir 'n eie fortuin. (59)

Om terug te keer na die vergelyking met ander werke: Die assosiasie met Proust staan uit in die kommentaar wat reeds oor Mortier se boek geskryf is. Helena self verwys direk na Proust:

> Toe ek in die jare ná die oorlog Proust vir die eerste keer lees, het ek byna naar daarvan geword. Ek hoor nie die tyd, die groot dooie tyd deur sy sinne ruis nie – sy Loire-sinne, sy Mississippi-sinne, sy grammatikale Kongo-strome en sintaktiese Nyl-deltas, swanger met afsaksels. (27)

Hierdie soort fynheid en selfbewustheid is kenmerkend van die vertelstyl. Die leser wat op die eerste bladsy of twee al die parallelle tussen die opening van *Wanneer gode slaap* en *À la Recherche du Temps Perdu* (*Remembrance of Things Past*) begin trek het, moet glimlag.

Die boek lees stadig, 'n verdere herinnering aan Proust, maar waarskynlik ook te wyte aan die soort Afrikaans waarin die teks vertaal is. Aan die een kant is dit die tipe teks wat baat by 'n stadige lees, want die beeldspraak is geweldig ryk en dit laat die leser kort-kort stilstaan.

Willem de Vries (2020) se onderhoud met Fanie Olivier oor sy vertaling is aan te beveel vir die leser wat vrae het oor die wyse waarop die boek vertaal is. Olivier verwoord sy keuse van die soort Afrikaans wat hy gebruik in die vertaling as volg:

> Rondom vroeëre vertalings is ek al gekritiseer dat ek my nie kan distansieer van die oorspronklike nie en dat ek in die vertaling agter karakters gaan wegkruip. En in die oorsit in Afrikaans te dikwels na aan die Nederlands bly. Dus: 'n ouer soort Afrikaanse register inspan. Maar rondom *Godenslaap* sou dit dom gewees het om dit anders te doen. 'n Mens moet reg laat geskied aan die skrywer, die karakter en ook die taal, want Afrikaans dra immers nog steeds al daardie herinneringe aan vergange taaldinge saam.

Wat die reg wat aan die karakter moet geskied betref, kom weliswaar in die Afrikaans iets deur van die karakter se ouderdom tydens die vertelling, asook die formele milieu van haar grootwordjare.

Aan die ander kant sou 'n mens tog kon wonder hoe dit sou wees om die boek in meer eietydse, informeler Afrikaans te lees, aangesien sekere aspekte van die teks soos die onderliggende humor in die vertelstem en uitbeelding van 'n kleurvolle karakter soos Emilie vermoedelik heel anders sou oorkom.

'n Leser wat in die boekwinkel staan en wonder of *Wanneer gode slaap* (en ook die oorspronklike *Godenslaap*) die aangewese boek sou wees om te lees, hoef slegs die roman oop te slaan en lukraak 'n paar reëls te lees. 'n Paar aanhalings wat die aard van die teks ten toon stel, verskaf 'n beter indruk van die soort leeservaring wat die roman bied, as wat enige opsomming van die verhaal sou kon.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

De Vries, Willem. 2020. "Wanneer gode slaap": Fanie Olivier deel sy ervaring van vertaalwerk aan 'n groot Belgiese Eerste Wêreldoorlog-roman. https://voertaal.nu/wanneer-gode-slaap-olivier-deel-sy-ervaring-van-vertaalwerk-aan-n-groot-belgiese-eerste-wereldoorlog-roman/ (Datum van gebruik: 10 Oktober 2023)